Tekste: Psalm 127: 1, 2007; Romeine 1: 7, 2007; Johannes 16: 1-15, 1983; Psalm 145: 15, 1983, Matteus 22: 4, 2022; Lukas 14: 17, 2022; Psalm 104:27, 1983.
Fokus teks: 1 Konings 19: 19-21, 1953 + 1983 + 2007 + 2020.
Liedere: Gesang 519: 1-2, 4; Gesang 553; VONKK 243: 1-2; Gesang 268: 1 x 2; Psalm 134: 1-2.

---

# AANKONDIGINGS:

- Tops & Tags projek. Die insameling is op dié oomblik bra stadig. Bring daai proppies en tags dat ons by die tiende rystoel kan uitkom! Ons het tans 213kg van die verlangde 450kg tops = 47% & 31kg van 50kg tags = 62%
- Met Bybelsondag @ Makarios het elke gemeente ‘n deel (R871.16) van die totale (R5227.00) deurkollekte ontvang. Dit stoot Zuurfontein se bydra op tot R7285.26 vir die jaar.
- Die www.nhzuurfontein.org webblad het met nog 10 000 hits gegroei. Ons staan nou vir die jaar op 130 769 besoeke. Indië is ‘n nuwe top 10 besoeker. ‘n Artikel (Six critical issues to prevent church members from dropping out) en ‘n preek (Dooie bene kry lewe) is nuut onder die top 10 dokumente wat op die webblad besoek is.
- Hartlik geluk aan ons verjaardag maatjies van hierdie week: Vandag ~ 31 Augustus: Jean-Jacques le Roux en Vrydag ~ 5 September: Elize Blignaut + Jan Viljoen

Tekste: Psalm 127: 1, 2007; Romeine 1: 7, 2007; Johannes 16: 1-15, 1983; Psalm 145: 15, 1983, Matteus 22: 4, 2022; Lukas 14: 17, 2022; Psalm 104:27, 1983.
Fokus teks: 1 Konings 19: 19-21, 1953 + 1983 + 2007 + 2020.
Liedere: Gesang 519: 1-2, 4; Gesang 553; VONKK 243: 1-2; Gesang 268: 1 x 2; Psalm 134: 1-2.

---

## LIEF & LEED:

- Karlien Williams is Woensdag ontslaan en sterk nou by die huis aan. Sy is in tussen ook verloof!
- Anna-Mart is op die Kempieraad vir 2026 verkies. Hartlik geluk aan haar en haar familie.
- Die drie Viljoens (Carla, Henning en Anna-Mart) + Chené Barnard is op Kempies se Tweede Kwartaal se Top 10 akademie. Ons is super trots op julle. Sterkte vir al ons kinders vir die derde kwartaal.
- Gert Pretorius is met ‘n bloedklont in Arwyp se hoë sorg eenheid. Ons wens hom ‘n spoedige herstel toe.
- Elizabeth Janse van Rensburg het die hele week in die gemeente se tuin gewerskaf. Ons is dankbaar vir haar gesindheid en harde werk. Dankie vir die Vrouebediening se skenking van plantjies en kompos.
- Quan Viljoen is onlangs as mnr. Kempie aangewys. Hy is ook op die 2026 Kempieraad verkies. Aan hom en sy familie hartlike gelukwensing.

## KLOK:

Tekste: Psalm 127: 1, 2007; Romeine 1: 7, 2007; Johannes 16: 1-15, 1983; Psalm 145: 15, 1983, Matteus 22: 4, 2022; Lukas 14: 17, 2022; Psalm 104:27, 1983.
Fokus teks: 1 Konings 19: 19-21, 1953 + 1983 + 2007 + 2020.
Liedere: Gesang 519: 1-2, 4; Gesang 553; VONKK 243: 1-2; Gesang 268: 1 x 2; Psalm 134: 1-2.

{Kom ons staan vir die toetrede lied ~ Gesang 519: 1-2 en 4, die votum, die seëngroet en uit dankbaarheid sing ons ~ Gesang 553 Ek is bly ek ken vir Jesus}

TOETREDE: Gesang 519: 1-2, 4 ~ Wees stil en weet: Ek is die Heer.

VOTUM:
As die Here nie 'n huis bou nie, dan help dit nie dat die bouers hard werk om die huis te bou nie. As die Here nie 'n stad beskerm nie, dan help dit nie dat die wagte wakker bly nie (Psalm 127: 1, 2007).

SEËN:
Ek bid dat God ons Vader en die Here Jesus Christus genadig sal wees vir julle en dat Hy vir julle vrede sal gee. (Romeine 1: 7, 2007). Amen.

DANKBAARHEID / SANG: Gesang 553 ~ Ek is bly ek ken vir Jesus.

Tekste: Psalm 127: 1, 2007; Romeine 1: 7, 2007; Johannes 16: 1-15, 1983; Psalm 145: 15, 1983, Matteus 22: 4, 2022; Lukas 14: 17, 2022; Psalm 104:27, 1983.
Fokus teks: 1 Konings 19: 19-21, 1953 + 1983 + 2007 + 2020.
Liedere: Gesang 519: 1-2, 4; Gesang 553; VONKK 243: 1-2; Gesang 268: 1 x 2; Psalm 134: 1-2.

---

## WISSELFORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL:

Geliefdes in ons Here Jesus Christus!
Die Here Jesus het voor sy dood saam met sy dissipels brood en wyn aan tafel geneem en gesê dat hulle dit moet gebruik tot sy gedagtenis. Daarom vier ons vandag ook die Nagmaal tot Sy gedagtenis.

Die Nagmaal is een van die Kerk se twee sakramente tot versterking van ons geloof. Met die tekens van brood en wyn verseker Jesus Christus ons deur sy Gees van ons gemeenskap met God en met mekaar.

By die tafel van die Here is ons ook saam om God te verheerlik. Ons glo dat die Here deur sy Gees by hierdie feesmaal teenwoordig is. Wanneer ons die elemente van brood en wyn ontvang, herinner dit ons dat ons verlos is deur die dood en opstanding van Jesus Christus. Deur geloof in Jesus Christus het ons saam met Hom gesterf en staan ons saam met Hom op tot 'n nuwe lewe.

Tekste: Psalm 127: 1, 2007; Romeine 1: 7, 2007; Johannes 16: 1-15, 1983; Psalm 145: 15, 1983, Matteus 22: 4, 2022; Lukas 14: 17, 2022; Psalm 104:27, 1983.
Fokus teks: 1 Konings 19: 19-21, 1953 + 1983 + 2007 + 2020.
Liedere: Gesang 519: 1-2, 4; Gesang 553; VONKK 243: 1-2; Gesang 268: 1 x 2; Psalm 134: 1-2.

---

Die Nagmaal wil ons daarvan verseker dat ons aan Christus deel het. By hierdie maaltyd rig die Here ons hoop ook op die hemelse feesmaal saam met God en al die gelowiges. Ons behoort vir ewig aan God. Daarom hoef ons niks te vrees nie. Christus is die Een wat was, wat is en wat kom – die Here van die toekoms.

Rondom die tafel word die gemeenskap van gelowiges sigbaar. Ons het immers almal deel aan hiérdie elemente. Die liefde wat God aan ons skenk, bind ons aan mekaar.

Voor ons by die tafel aansit, moet ons onsself eers ondersoek en afvra of ons bereid is om deur ons doen en late hierdie band van liefde te versterk. Ons is bewus van ons eie sonde en het daaroor berou. Omdat Jesus Christus ons vergewe, mag ons by sy tafel aansit. Die deelname aan die Nagmaal wil ons opnuut van sy genade verseker.

Tekste: Psalm 127: 1, 2007; Romeine 1: 7, 2007; Johannes 16: 1-15, 1983; Psalm 145: 15, 1983, Matteus 22: 4, 2022; Lukas 14: 17, 2022; Psalm 104:27, 1983.
Fokus teks: 1 Konings 19: 19-21, 1953 + 1983 + 2007 + 2020.
Liedere: Gesang 519: 1-2, 4; Gesang 553; VONKK 243: 1-2; Gesang 268: 1 x 2; Psalm 134: 1-2.

---

Wanneer ons van die tafel af opstaan, stuur God ons om wêreldwyd te getuig van sy versoening, sorg en liefde. God versorg ons met hemelse en aardse brood. Kom ons versorg uit dankbaarheid ander ook só.

Voordat ons by die tafel van die Here aansit, laat ons bid.
GEBED: VONKK 243: 1-2

UITNODIGING:
Volgelinge van Jesus Christus, as jy bely dat Jesus jou enigste Verlosser is, word jy hartlik uitgenooi om te kom deelneem aan die tafel van die Here.

TAFELFORMULE:
Laat ons nie ons gedagtes rig op die uiterlike simbole nie, maar op die betekenis daarvan, naamlik die versoening in Christus Jesus, ons Here.

REëLINGS:
Ons begin vandag by die linker kant (tafel 1), daarna die blok in die middel (tafel 2), en dan die blok aan my regter

kant (tafel 3). Heel laaste die galery. Na elke tafel kan u 'n dankoffer vir barmhartigheid op die tafel (onder die tafeldoek) laat. Die volgende groep kom eers as die liturg u daartoe uitnooi.

TAFEL 1:

Kom, gemeente, laat ons ons oë op die Here rig; want Hy voed ons op ons tyd (Psalm 145: 15, 1983).

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.

En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.

Eet en drink, doen dit tot sy gedagtenis.

Amen.

1 KONINGS 19: 19-21, 1953

19Hy het toe daarvandaan weggegaan en Elísa, die seun
van Safat, aangetref terwyl hy aan ploeë was met twaalf
paar osse voor hom en hy self by die twaalfde paar was;

en Elía het by hom verbygegaan en sy mantel op hom gewerp.
20Daarop het hy die osse verlaat en agter Elía aan geloop en gesê: Laat ek tog my vader en my moeder soen; daarna sal ek u volg. En hy antwoord hom: Gaan terug, want wat het ek aan jou gedoen?
21Hy draai toe agter hom om en neem die paar osse en slag dit; en met die osse se trekgoed het hy hulle vleis gekook en aan die mense gegee, en hulle het geëet; daarna het hy hom klaargemaak en Elía gevolg en hom gedien.

PREEK:

Soos ons laas week reeds aangedui het, dra hierdie verhaal 'n paar kragtige boodskappe vir die gelowige van vandag:

(a) God se roeping kom in die alledaagse

(b) Om Jesus te volg vra 'n radikale besluit

(c) Dissipelskap is 'n pad van diens

(d) God bou voort – selfs as ons moedeloos is

Tekste: Psalm 127: 1, 2007; Romeine 1: 7, 2007; Johannes 16: 1-15, 1983; Psalm 145: 15, 1983, Matteus 22: 4, 2022; Lukas 14: 17, 2022; Psalm 104:27, 1983.
Fokus teks: 1 Konings 19: 19-21, 1953 + 1983 + 2007 + 2020.
Liedere: Gesang 519: 1-2, 4; Gesang 553; VONKK 243: 1-2; Gesang 268: 1 x 2; Psalm 134: 1-2.

---

Wanneer ons dink aan God se roeping, dink ons dikwels aan iets dramaties, soos in die geval van Paulus. Ons wag vir 'n buitengewone ervaring – 'n stem uit die hemel of 'n besondere teken. Maar die Bybel wys ons dat God se roep dikwels kom in die gewone ritme van die lewe.

Ons hoor dit in die verhaal van Elísa. Hy was nie in die tempel of op 'n bergtop toe Elía hom geroep het nie. Hy was eenvoudig besig om die land te ploeg. In sy daaglikse werk, in die gewone pligte van die dag, kom God se roep na hom. Dit sê vir ons iets belangrik: God roep ons waar ons ís – in ons huise, in ons werk, in ons gesinne, in die alledaagse.

Die uitdaging is of ons dit sal raaksien. Want ons dink soms dat net die groot oomblikke tel – die besondere geestelike ervarings. Maar God kom dikwels juis stilweg, sonder vertoon, in die gewone. So het Jesus ook gewone vissers geroep langs die see van Galilea, en het Hy mense in hulle gewone bestaan genader en hulle lewens verander.

Kyk hoe antwoord Elísa. Hy los die ploeg, hy maak ’n offer, en hy volg. Met ander woorde: hy vat die roep ernstig op, hy maak dit prakties sigbaar. Dit vra van hom ’n besluit, en hy kies gehoorsaamheid.

God se roep is nie net vir dominees, kategete, kerkraadslede of sendelinge nie. Dit is vir elkeen van ons. Hy roep ons om ligdraers te wees waar ons werk en leef. Hy roep ons om Sy liefde sigbaar te maak in ons gesinne, ons gemeenskap, ons land. Die vraag is: sal ons hoor, en sal ons antwoord?

Mag ons vandag leer om God se stem te hoor in die gewone – agter die ploeg, agter die lessenaar, agter die stuurwiel, op die skoolgronde – en soos Elísa, die moed hê om op te staan en te volg.

TAFEL 2:

Tekste: Psalm 127: 1, 2007; Romeine 1: 7, 2007; Johannes 16: 1-15, 1983; Psalm 145: 15, 1983, Matteus 22: 4, 2022; Lukas 14: 17, 2022; Psalm 104:27, 1983.
Fokus teks: 1 Konings 19: 19-21, 1953 + 1983 + 2007 + 2020.
Liedere: Gesang 519: 1-2, 4; Gesang 553; VONKK 243: 1-2; Gesang 268: 1 x 2; Psalm 134: 1-2.

---

Gaan sê vir die uitgenooides alles is reg vir die fees om te begin – 'n spesiale ete is voorberei en al die kos staan reg. Kom en kom hou fees! (Matteus 22: 4, 2022).

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.
En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.
Eet en drink, doen dit tot sy gedagtenis.
Amen.

SKRIFLESING: 1 Konings 19: 19-21, 1983
19Nadat hy daarvandaan af weggegaan het, kry hy vir Elisa seun van Safat besig om te ploeg met twaalf spanne van twee, terwyl hy self by die agterste span geloop het. Toe Elia by hom verbyloop, gooi Elia sy mantel op hom.
20Hy het sy osse net so gelos en agter Elia aangehardloop en gesê: "Laat ek tog net my pa en ma gaan groet. Dan sal ek saam met u gaan."

Elia antwoord hom toe: "Gaan as jy wil. Ek hou jou mos nie terug nie."
21Toe draai Elisa om en gaan slag twee osse, en met die juk het hy die vleis gebraai en vir sy werksmense gegee om te eet. Daarna het hy saam met Elia gegaan en sy volgeling geword.

PREEK:

Elísa se roeping is 'n aangrypende verhaal. Toe die profeet Elía sy mantel oor hom gooi, het Elísa geweet: dit is die Here wat hom roep. En hoe antwoord hy? Hy offer sy beeste en breek sy ploeë. Hy sny sy bande met die verlede af – en beweeg hand aan hand met God die toekoms in. Om Jesus te volg vra soms 'n radikale besluit.

Wat beteken dit vir ons? Elísa wys dat die roepstem van God nie ruimte laat vir halfhartigheid nie. Dink aan die verhaal oor die water wat nie bruikbaar was nie, omdat dit gewoon lou was ~ nie warm nie en ook nie koud nie = onbruikbaar. Hy kon die beeste bêre en die ploeë wegpak "net ingeval" dit nie sou uitwerk nie. Maar hy doen dit nie.

Hy sê as't ware: "Van nou af behoort my lewe aan die Here se plan. Ek kan nie meer terugkyk nie."

Jesus bevestig dit in Lukas 9:62: "Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie." Dissipelskap vra nie 50% of 80% nie. Dit vra volle oorgawe. Dit vra dat ons ons vertroue nie meer plaas in ons eie sekerhede, ons eie planne of ons ou sondige gewoontes nie – maar volkome in die Here.

Dit is 'n uitdaging! Ons leef in 'n tyd waarin mense graag opsies oop hou, plan B's gereed hou, en 'n halwe verbintenis maak. Maar Jesus vra nie halfhartige volgelinge nie. Hy vra mense wat bereid is om radikaal "ja" te sê en die verlede agter te laat.

Tog is dit nie 'n roep na verlies nie, maar na oorvloed. Elísa het sy ploeg gelos, maar hy het 'n profeet se mantel ontvang. Ook ons kry iets beter: wanneer ons Jesus volg, ontvang ons nie net 'n nuwe taak nie – ons ontvang 'n

nuwe lewe, 'n nuwe identiteit, en 'n toekoms saam met Hom.

Mag ek en jy nie mense wees wat agtertoe kyk nie, maar mense wat met oorgawe vorentoe leef – met ons oë vas op Christus, ons Here en ons Leidsman.

TAFEL 3:
Toe dit tyd word vir die fees om te begin, stuur hy sy werkers om vir die uitgenooides te sê: Kom, die fees is klaar en ons is reg om te begin (Lukas 14:17, 2022).

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.
En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.
Eet en drink, doen dit tot sy gedagtenis.
Amen.

SKRIFLESING: 1 Konings 19: 19-21, 2007

Tekste: Psalm 127: 1, 2007; Romeine 1: 7, 2007; Johannes 16: 1-15, 1983; Psalm 145: 15, 1983, Matteus 22: 4, 2022; Lukas 14: 17, 2022; Psalm 104:27, 1983.
Fokus teks: 1 Konings 19: 19-21, 1953 + 1983 + 2007 + 2020.
Liedere: Gesang 519: 1-2, 4; Gesang 553; VONKK 243: 1-2; Gesang 268: 1 x 2; Psalm 134: 1-2.

---

19 Elia het weggegaan van Horeb-berg en hy het vir Elisa seun van Safat gekry. Elisa was besig om te ploeg. Daar was twaalf ploeë, twee beeste het elke ploeg getrek. Elisa was by die agterste ploeg. Toe Elia daar verbykom, gooi hy sy bo-kleed oor Elisa.
20 Elisa het die beeste gelos en agter Elia gehardloop en vir hom gesê: "Ek wil eers my pa en my ma gaan groet, dan sal ek kom en saam met jou gaan."
Elia het vir hom gesê: "Jy mag gaan, ek sal jou nie keer nie."
21 Elisa het teruggegaan. Hy het twee beeste geneem en hy het hulle geslag. Hy het die vleis gaargemaak met die hout van die jukke. Hy het die vleis vir sy mense gegee, en toe hulle klaar geëet het, het hy gereedgemaak en saam met Elia gegaan. Elisa het Elia se helper geword.

PREEK:

Nadat Elísa sy radikale besluit geneem het om die Here te volg, staan daar eenvoudig: "Hy het opgestaan, Elía gevolg en hom gedien." Wat opvallend is, is dat Elísa nie

onmiddellik begin profeteer het of groot tekens gedoen het nie. Sy roeping begin met diens.

In die wêreld waarin ons leef, word ons van kleins af geleer dat sukses beteken jy moet bo uitkom, gesien word, en erkenning kry. Maar in God se koninkryk werk dit anders. Ware dissipelskap begin nie by status nie, dit begin by diensbaarheid. Elísa word eers ’n dienaar voordat hy ’n profeet word. Hy leer om agter iemand aan te stap, om nederig te dien, voordat hy self die leiding neem.

Dit herinner ons aan Jesus self, wat gesê het: “Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as ’n losprys vir baie” (Mark. 10:45). Wanneer ons Hom volg, volg ons dieselfde pad. Dissipelskap is nie ’n kortpad na mag of aansien nie – dit is ’n lewenspad van diens.

Ons word geroep om hierdie diensbaarheid prakties uit te leef: om mekaar met liefde te dra, om die swak en

weerloses te ondersteun, om die kerk en die gemeenskap te dien sonder om iets terug te verwag. Ware roeping beteken nie almal gaan jou sien of jou prys nie – dit beteken jy leef vir die Here en sy mense, al gebeur dit in die stil hoekies waar niemand jou opmerk nie.

Ons moet dus vra: Waar kan ek dien? In my huis, my werk, my gemeente, my dorp, my skool? Waar kan ek iemand anders se las ligter maak? Waar kan ek die gesindheid van Christus wys deur nederig en liefdevol teenoor ander op te tree?

Mag ons soos Elísa leer dat dissipelskap begin met diens. En mag ons ontdek dat juis in daardie nederige diens, die krag van God se roeping sigbaar word.

TAFEL 4:
Kom, gemeente, ons is almal van die Here afhanklik. Hy voed ons op sy tyd (Psalm 104: 27, 1983).

---

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.

En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.

Eet en drink, doen dit tot sy gedagtenis.

SKRIFLESING: 1 KONINGS 19: 19-21, 2020

19 Elia het daarvandaan weggegaan en Elisa, seun van
Safat, aangetref terwyl hy ploeg. Twaalf pare osse was
voor hom aan die werk; hy was self by die twaalfde paar.
Elia gaan toe na hom en gooi sy mantel oor hom. 20 Hy het
die osse net daar gelaat, agter Elia aan gehardloop en
gesê: “Ek wil asseblief my vader en moeder met 'n soen
gaan groet, dan sal ek u volg.” Maar hy antwoord hom:
“Gaan terug, want wat het ek aan jou gedoen?” 21 Hy draai
toe om agter hom, neem een paar osse, slag hulle en
maak die vleis gaar met die osse se trekgoed. Hy gee dit
toe vir die mense, en hulle het dit geëet. Toe maak hy
gereed en volg Elia. Hy het sy helper geword.

Tekste: Psalm 127: 1, 2007; Romeine 1: 7, 2007; Johannes 16: 1-15, 1983; Psalm 145: 15, 1983, Matteus 22: 4, 2022; Lukas 14: 17, 2022; Psalm 104:27, 1983.
Fokus teks: 1 Konings 19: 19-21, 1953 + 1983 + 2007 + 2020.
Liedere: Gesang 519: 1-2, 4; Gesang 553; VONKK 243: 1-2; Gesang 268: 1 x 2; Psalm 134: 1-2.

PREEK:

Ons het dikwels oomblikke waar ons voel: “Ek kan nie meer nie. My krag is op, my taak is klaar.” So het die profeet Elía ook gevoel. Net ’n paar verse voor ons teks in 1 Konings 19 lees ons hoe hy onder die besembos sit en bid dat hy mag sterf. Hy voel alleen en nutteloos. Hy voel nie meer sy roeping nie. Maar dan wys God vir hom dat die werk nie net op sy skouers rus nie. God roep vir Elísa as opvolger.

Hierin lê ’n groot troos. Die Here se werk is nooit afhanklik van een mens nie. Hy bou sy koninkryk voort, selfs wanneer ons moedeloos raak, selfs wanneer ons voel dat ons niks meer het om te gee nie. Elía het gedink die einde is hier, maar God het gewys: “My plan is groter as jy. Ek bou verder.”

Dit herinner ons dat die kerk en die werk van die Here nie van my of jou alleen afhanklik is nie. Ons word genooi om deel te wees, om getrou te dien, maar die bouwerk self is die Here s’n. As ek wegval, bring Hy iemand anders. As

ek swakker raak, dra Hy die werk deur ander. Dit is nie ’n bedreiging nie – dit is ’n bevryding.

Dikwels dra ons ’n groot las van verantwoordelikheid. Ouers voel dit vir hulle kinders, predikante vir hulle gemeentes, lidmate vir hulle bediening. Maar die Here herinner ons: “My plan stop nie by jou nie. Ek bou verder – deur die geslagte, deur ander hande, deur nuwe stemme.”

Daarom kan ons met vrede werk en dien. Ons gee ons beste, maar ons rus daarin dat God self die Here van die oes is. Hy hou sy kerk staande, Hy roep nuwe werkers, Hy bring sy koninkryk nader.

Mag dit vir ons ’n troos wees: ons werk is nie tevergeefs nie, want dit is deel van God se groter plan. En selfs as ons moedeloos word, gaan die Here voort. Hy bou.

Ek en jy moet besluit of ons God se hand vat en saam met Hom die nuwe toekoms tegemoet stap.

Amen.

GENADEVERKONDIGING:

Noudat ons met die ervaring van nagmaal opnuut verseker is van God se genade en opgeroep is tot geloof, en omdat die Woord van God ons ook leer dat ons uit genade deur geloof gered word, laat ons, terwyl ons net so bly sit, ons geloof só bely: Johannes 16: 1-15, 1983

> 1“Hierdie dinge sê Ek vir julle sodat julle nie afvallig
> word nie. 2Die mense sal julle uit die sinagoges ban.
> Daar kom selfs 'n tyd dat elkeen wat een van julle
> doodmaak, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys.
> 3En dit sal hulle doen, omdat hulle die Vader nie ken
> nie en My ook nie. 4Maar Ek sê dit nou vir julle, sodat
> wanneer die tyd daarvoor aanbreek, julle daaraan
> moet dink dat Ek dit vir julle gesê het. Ek het dit egter
> nie van die begin af vir julle gesê nie, omdat Ek nog
> by julle was.”

Die werk van die Heilige Gees

5"Nou gaan Ek na Hom toe wat My gestuur het, en tog
vra niemand van julle vir My: 'Waar gaan U heen?' nie.
6Maar omdat Ek dit vir julle sê, is julle harte vol
droefheid. 7Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot
julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie
weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees,
nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom
na julle toe stuur. 8En wanneer Hy kom, sal Hy bewys
dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan
my kant is, en dat die oordeel al gekom het. 9Die
wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie
in My nie; 10die reg is aan my kant, want Ek gaan na
die Vader toe, en julle sal My nie meer sien nie; 11die
oordeel het al gekom, want die owerste van hierdie
wêreld is klaar veroordeel.

12"Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle
sal dit nie nou kan begryp nie. 13Wanneer Hy kom, die
Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele
waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom
nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat
gaan kom, aan julle verkondig. 14Hy sal My verheerlik,

want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle
verkondig. 15Alles wat aan die Vader behoort, behoort
ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My
ontvang, sal Hy aan julle verkondig."

GEBED:

SEËN: Gesang 268: 1 + Psalm 134: 1-2 + Psalm 268:1